

Hoofstuk van die dag: Handelinge 17

> *… dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. (vers 25)*

Ons aanbid ’n wonderlike God. Paulus stel dit so mooi dat ’n mens eintlik net wil sit en daaroor nadink: “Dit is Hy wat aan

almal lewe en asem en alles gee.” Lewe en asem en alles – ook joune. Dit kom van God. Of: “… deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.”

Ek wonder of ons genoeg ons verwonder en verbly in God, en daaroor nadink. Dit is immers een van die oudste geloofsdissiplines en loop terug tot in die Ou Testamentiese tyd. Dawid skryf bv in Ps 27:4 (BDV): “Een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek bly nastreef: om my lewe lank in die huis van die Here te woon, om die lieflikhede van die Here te aanskou en daaroor na te dink in sy tempel.”

Paulus was so vol verwondering oor God dat hy dit met almal wou deel. Daarom, toe hy in Athene kom, gryp hy die geleentheid aan om met die mense daar oor God te praat.

Partykeer wonder ek hoekom ons nie méér oor God praat nie. Dalk omdat ons te min oor Hom dink?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026